**GAUTENGSE DEPARTEMENT VAN ONDERWYS**
**SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN**

**KUNS HG**
**(Eerste Vraestel: Kunsgeskiedenis)**

**TYD: 3 uur**

**PUNTE: 200**

---

**INSTRUKSIES:**

Die vraestel is verdeel in DRIE afdelings.

**AFDELING A** – Internasionale Kuns (1900 tot die hede) **[90]**

**AFDELING B** – Suid-Afrikaanse Kuns (1900 tot die hede) **[90]**

**AFDELING C –** Kunswaardering en -kritiek **[20]**

Beantwoord 7 vrae:

- **In Afdeling A: Vraag 1 is verpligtend. Beantwoord ook Vraag 2 of Vraag 3.**
- **In Afdeling B: Vraag 4 is verpligtend. Beantwoord ook Vraag 5 of 6 en Vraag 7 of 8.**
- **In Afdeling C: Vraag 9 en 10 is verpligtend.**

- Lees eers die vraestel deur voordat jy met die eksamen begin.
- Alle vrae is opsteltipe vrae. Gee voldoende bewyse om jou antwoorde te staaf. Geen krediet sal gegee word vir puntsgewyse lyste van feite of voorbeelde nie.
- Moenie inligting herhaal nie.
- Gebruik die puntetoekenning as ? aanduiding van die lengte en omvang van elke antwoord.
- Trek ? lyn aan die einde van elke vraag en laat ? reël oop na elke onderafdeling in elke vraag.

---

**TEMA:**

Die kunstenaar se benadering in die skep van ? kunswerk beïnvloed die 'gevoel' van die kunswerk, wat weer eens ons reaksie op die kunswerk affekteer.

Byvoorbeeld, ons reageer op die animasie en spontaneïteit van die sterk kwashale in Abstrakte Ekspressionistiese kunswerke, omdat hulle sterk emosies beliggaam. Ander bewegings en kunstenaars het ? meer beheersde benadering, en ons reaksies mag dalk nie so emosioneel wees nie, maar nieteenstaande, het ons nog ? gevoel vir die kunswerk.

Hierdie vraestel vereis dat jy die maniere waarop die skeppende proses noodsaaklik is vir ons reaksie op die kunswerk in gedagte moet hou.

AFDELING A

## INTERNASIONALE KUNS VAN 1900 TOT DIE HEDE

Vraag 1 is verpligtend. Beantwoord ook Vraag 2 of Vraag 3.

### VRAAG 1

Kies enige TWEE twintigste-eeuse internasionale SKILDERKUNS-bewegings waarvan minstens een ná die Tweede Wêreldoorlog moet wees. Skryf ? opstel waarin jy die werke van enkele kunstenaars van hierdie bewegings met mekaar vergelyk, met verwysing na die volgende:

- Die verskillende benaderings wat kunstenaars van elke beweging tot die skeppende proses het
- Hoe dié benaderings ons reaksie op die werk(e) affekteer

Verwys na ten minste TWEE werke in elke beweging om jou antwoord te staaf. **[45]**

**EN**

### VRAAG 2

*Beeldhouers van die twintigste eeu gebruik hulle skeppende prosesse om ? stelling te maak waarop die toeskouer reageer.*

2.1 Bespreek ten minste DRIE werke van EEN twintigste-eeuse beeldhouer, met verwysing na die volgende:

- Die skeppende proses wat hy/sy gebruik
- Die stelling(s) wat die kunstenaar maak
- Moontlike reaksies van die toeskouer daarop, en redes daarvoor (35)

2.2 Bespreek die kenmerke en kreatiewe prosesse van ten minste TWEE werke van EEN internasionale toegepaste kuns-kunstenaar/ ontwerper, en sê of die bostaande verklaring toegepas kan word op die werk van hierdie toegepaste kuns-kunstenaar/ ontwerper en verduidelik hoe voorbeelde van die werk die spesifieke reaksie by die toeskouer/verbruiker ontlok het. (10)

**[45]**

**OF**

## VRAAG 3

> *Wat het gebeur met argitektuur sedert die Tweede Wêreldoorlog, dat die enigste verbyganer wat dit sonder pyn kan aanskou, dié is wat met ? wit stok en ? hond toegerus is?*
>
> Bernard Levin : **www. Quotesgalore.com**

3.1 Soos die bostaande aanhaling wys, reageer mense nie altyd positief op argitektuur nie. Bespreek moontlike reaksies teenoor twintigste-eeuse argitektuur en redes vir hierdie reaksies, deur te verwys na die volgende:

- EEN Internasionale Styl-argitek (kenmerke en voorbeelde van sy/haar werk)
- EEN argitek wat ná die Internasionale Styl gewerk het (kenmerke en voorbeelde van sy/haar werk) (35)

3.2 Bespreek die werk van EEN internasionale toegepaste kuns-kunstenaar / ontwerper en sê of die werke estetiese waarde het. Gee redes vir jou opinie. (10)

**[45]**

**TOTAAL VIR AFDELING A: [90]**

AFDELING B

**SUID-AFRIKAANSE KUNS VAN 1900 TOT DIE HEDE**

Vraag 4 is verpligtend. Beantwoord ook Vraag 5 of 6 EN Vraag 7 of 8.

## VRAAG 4

> *"? Skildery in ? museum hoor meer lagwekkende opinies as enigiets anders in die wêreld."*
>
> Edmond de Goncourt : **www. Quotesgalore.com**

Bespreek hoe die prosesse wat deur ten minste een Suid-Afrikaanse skilder, een beeldhouer en een konseptuele kunstenaar in hulle werke gebruik word, ? spesifieke reaksie by hulle toeskouers uitlok.

Verwys na die proses(se), voorbeelde en kenmerke van die gekose kunstenaars om jou antwoord te staaf. **[40]**

**EN**

## VRAAG 5

Watter moontlike verskille bestaan daar tussen die ontwerp- en konstruksie-proses(se) van **openbare geboue** en **privaatwonings**?

Verwys na ten minste TWEE voorbeelde van Suid-Afrikaanse woningsargitektuur, en TWEE voorbeelde van openbare argitektuur, en bespreek die verskillende benaderings wat die argitekte gebruik het in die ontwerp- en konstruksieprosesse. **[25]**

**OF**

**VRAAG 6**

Die proses wat ? kunstenaar/ ontwerper/ vlytkuns-kunstenaar/ gebruik vir sy/haar werk, het ? direkte invloed op die doeltreffendheid van die finale produk.

Bespreek die werk van EEN Suid-Afrikaanse toegepaste kuns-kunstenaar/ toegepaste kunsagentskap / vlytkuns-kunstenaar, met verwysing na die skeppende proses wat hy/sy/hulle gebruik en of dit doeltreffend is.

Verwys na ten minste DRIE werke om jou antwoord te staaf. **[25]**

**EN**

**VRAAG 7**

Alhoewel die voorkoms van drukwerk en ? tekening dikwels eenders is, verskil die produksieprosesse heelwat.

Skryf ? vergelykende opstel waarin jy die verskille in die prosesse wat gebruik word, in ten minste EEN werk elk deur minstens EEN tekenaar en EEN drukkuns-kunstenaar bespreek.

Jy mag na die volgende verwys in jou antwoord:

- Elke kunstenaar se gebruik van medium en tegniek
- Elke kunstenaar se doelwitte en bedoelings
- Elke kunstenaar se gebruik van beelde en simboliek **[25]**

**OF**

**VRAAG 8**

Dikwels reageer kunstenaars op, of word hulle beïnvloed deur die sosiale en die politieke gebeure van hulle tyd.

Bespreek die werk van tekenaars, drukkuns-kunstenaars en skilders, of die werk wat by ’n spesifieke informele kunsskool uitgevoer is, en verwys na die sosiale en politieke gebeure wat hulle beïnvloed het. Ontleed ten minste DRIE werke deur DRIE verskillende kunstenaars volledig, en toon aan hoe die kunstenaars kommentaar gelewer het op ’n sosio-politieke situasie **[25]**

**TOTAAL VIR AFDELING B: [90]**

AFDELING C
**KUNSWAARDERING EN -KRITIEK**
**VERPLIGTEND**

**VRAAG 9**

Definieer enige VYF van die volgende skeppende prosesse en gee ? voorbeeld vir elk, deur te verwys na ? kunswerk deur 'n spesifieke kunstenaar. Skryf die naam van elke proses wat jy gekies het neer.

9.1 Impasto

9.2 Glasuur

9.3 Byvoegingsbeeldhouwerk

9.4 Assemblage

9.5 Installasiekuns

9.6 Collage

9.7 Newelkleuring

9.8 Stippeling

9.9 Gietwerk

9.10 Syskermwerk 5x2=**[10]**

**EN**

**VRAAG 10**

Bespreek die prosesse wat jy gebruik het om jou praktiese, temagebaseerde eksamenprojek uit te voer.

Verwys na:

- Aanbieding
- Interpretasie van die tema
- Navorsings- en voorbereidingswerk
- Die maak van die finale produk **[10]**

**TOTAAL VIR AFDELING C: [20]**

**TOTAAL: 200**

**EINDE**